ZCZC 161 01621
AAHQ16 FAME 050300
MP 691

M44/251 5/10/87

NUUSBRIEF - SEPTEMBER 1987

MARIONEILAND

WEER EENS WELKOM EN GRAAG DEEL EK VAN ONS DOEN EN LATE OP MARION MET ALMAL.

NA DIE VERTREK VAN DIE S.A. AGULHAS IS ALLES BESIG OM NA NORMAAL TERUG TE KEER IN DIE BASIS. ONS HET WEGGESPRING MET N DELGLIKE SKOONMAAK IN EN OM DIE BASIS WAARNA DIE NUWE LEDE HUL KAMERS GE=TAKEL HET OM HUL TUISTE VIR DIE VOLGENDE PAAR MAANDE REG TE KRY.

MARIONEILAND BEGIN STADIG SY SOMERKLEED AANTREK. ONS GENIET LANGER LIGTYD EN MEER SONSKYN. MEER EN MEER DIERE KEER TERUG VANAF HUL WINTERAFWESIGHEID NA DIE EILAND VIR DIE SOMER. DIE SOOTY ALBATROSSE IS TERUG EN IS ORAL IN DIE LUG TE SIEN NABY HUL NESTE WAT TEEN STEIL HANGE EN KRANSE OM DIE KUS AANGETREF WORD. DIE ROOF=MEEUE IS OOK ORAL TE BESPEUR, VERAL WAAR DAAR NUWE AANKOMELINGE TE VIND IS, OP DIE UITKYK VIR IETS OM TE ROOF. DIE GENTOO-PINKEWYNE, WIE SE EIERS REEDS VERLEDE MAAND BEGIN UITBROEI HET, SE KLEINTJIES HET ERG ONDER DIE ROOFMEEUE DEURGELOOP. DIE REUSE ALBATROSKUIKENS GOOI NOU HUL DONSVERE AF EN TREK DIE VOLWASSE MANTEL AAN. DIE KORMORANTE VOER AANSKOULIKE PAARBEWEGINGS UIT EN IS HARD AAN DIE NESBOU VIR DIE EIERS WAT EERSDAAGS DAAR SAL WEES.

REG OM DIE EILAND WAAR DAAR OLIFANTROBBE AANGETREF WORD, KALF DIE KOEIE NOU. DIT BOU OP NA N KLIMAKS GEDURENDE MIDDEL OKTOBER WANNEER AL DIE KOEIE OP LAND BEHOORT TE WEES. DAARNA VOLG DIE HOFMAKERY DEUR DIE BULLE WAT GEPAARD GAAN MET GROOT GEVEGTE OM HEERSKAPPY VAN DIE HAREMS TE BEPAAL. LIGTE GEVEGTE WORD REEDS PLEK-PLEK WAARGENEEM SOOS DIE BULLE HUL HAREMS BYMEKAAR BEGIN MAAK. AL HIERDIE AKTIWITEITE BRING MEE DAT DIE NOORDWALVISSE MEER AANDAG AAN MARION BEGIN SKENK OP DIE UITKYK VIR N MOONTLIKE MAALTYD. GROOT TROPPE VAN TOT 15 WORD OPGEMERK EN WREDE AANVALLE IS AL BESPEUR. VROEG HIERDIE MAAND IS DAAR OOK N LUIPERDROB BY TRYPOT OPGEMERK WAT MEEGEBRING HET DAT ALMAL BY DIE BASIS DAARHEEN IS OM DIE RARITEIT TE FOTOGRAFEER.

DIE KATJAGTERS IS REEDS MET HUL EERSTE JAGSESSIE ONTNUGTER DEUR DIE VERANDERLIKHEID VAN DIE WEERSTOESTANDE OP MARION NADAT HULLE GEDURENDE DIE OORNAME MEESTAL BEDERF IS DEUR GOEIE WEER. GEDURENDE HIERDIE MAAND HET ONS DAN OOK BAIE SNEEU EN N BOGEMIDDELDE HOE REENVAL GEHAD. DIE WINDE HET SOOS GEWOONLIK HUL TOL GEEIS EN CHRIS MOES GEREELD HERSTELWERK AAN DIE GEBOUE DOEN WAAR PLATE LOSGEWAAI IS. OMREDE DIE ONVOORSPELBAARHEID VAN DIE WEERSOMSTANDIG=HEDE WORD FRANK SOKOLIC GEREELD GERAADPLEEG DEUR MANNE WAT WIL GAAN STAP. SY VOORSPELLINGS IS SO IN DIE KOL DAT HY DIE REPUTASIE VAN WEERVOORSPELLERS N SWAAR KNOU KAN TOEDIEN. DAAROM OOK DAT FRANK GAAN SEKER MAAK HET AANGAANDE DIE WEERSOMSTANDIGHEDE OM DIE EILAND, N STAPTOG VAN VYF DAE.

NA OORNAME WAS DAAR NOG HEELWAT KLEIN TAKIES WAT AFGEHANDEL MOES WORD. DAAR MOES ONDER ANDERE N KRAGOPWEKKER NA EEN VAN DIE HUTTE GENEEM WORD. EEN OGGEND IN DIGTE SNEEU, KRAGOPWEKKER OP DIE RUG, ONDERNEEM ANDRE EN ANDRE (A.J. EN A.M.) DIE UITSTAPPIE, PLEK-PLEK WAS A.J. KOP ONDER DIE SNEEU. GELUKKIG MET SY VOETE NA BO EN OOK NET OM TE POSEER VIR FOTOS. OM BIETJIE ASEM TE SKEP DEUR AL DIE GEWOEL, HET A.J. BAIE KORT STAPPIES ONDERNEEM WAT OOK N JAGTOG SAAM MET EEN VAN DIE KATJAGTERS INGESLUIT HET. DIE TOG IS AFGE=SLUIT MET N ONWILLIGE SWEM IN N WATERBED. GARY HET SELF REEDS VERSKEIE JAGTOGTE MEEGEMAAK.

BLADSY TWEE.....

KNNN
ZCZC 162 01621
AAHQ16 FAME 050301
MP 691

M44/251

BLADSY TWEE

GEDURENDE DIE MAAND IS DAAR OOK N DUIKEKSPEDISIE VAN VIER DAE NA SHIPS COVE DEUR A.M. ONDERNEEM. HY IS DEUR VOSSIE EN GARY VERGESEL. N GROEP VAN AGT MANNE HET NA SHIPS VERTREK OM TE HELP DRA AAN DIE NODIGE TOERUSTING. DIE MANNE WAT DIE TYD BY SHIPS DEURGEBRING HET, HET MAAR MIN DUIKGELEENTHEDE GEHAD WEENS DIE WEERSOMSTANDIGHEDE, MAAR NOGTANS N GENOTVOLLE ERVARING GEHAD.

DIE PUNK HAARSTYLE WAARMEE VAN DIE KATJAGTERS AFGESKOP HET, IS VINNIG AAN DIE TOEGROEI. JUG HOU EGTER SY KOP KAALGESKEER OM SO DIE HAAROPKNAPPER TE KAN AFWAS WAT DIE ALBATROSKUIKENS HOM TOEDIEN WANNEER HY MET HULLE WERK. NET OM NIE TERUG TE STAAN NIE, HET CHRIS, FRANK S, GARY, HENNIE EN STEVE C OOK HUL HARE GESNY. VIR GARY SEKER MEER N SAAK VAN TROTS AS STAANDEMAGLID. JAN HET OOK SY BAARD AFGESKEER, MAAR MET AANSKOUE VAN WAT HY TOE SIEN, BESLUIT HY OM ALLES VINNIG WEER TE LAAT TOEGROEI.

DIE ONTSPANNINGSAREA BINNE DIE BASIS ONDERGAAN N GEDAANTEVERWISSE= LING SOOS GEORG VORDER MET DIE VERANDERINGS. DIE KREATIWITEIT ONDER DIE KATJAGTERS HET N KOMPETISIE ONTKETEN OM TE SIEN WIE DIE BESTE TOILETGERIEWE BY DIE HUTTE KAN SKEP. VAN DIE HUTTE SPOG REEDS MET BESKUTTE TOILETTE ASOOK SPOELGERIEWE .

ONDER DIE JAGTERS WIL DIT VOORKOM ASOF DIE GROOT SINKER IN DIE MOERASSE STEEDS MARCEL, DIE LANGSTE MAN OP DIE EILAND EN MET N NOMMER 13 SKOEN, IS. MET VOETE WAARVOOR DAAR NIE N NOMMERPAS WATERSKOEN BESKIKBAAR WAS NIE, KAN DIT OOK NIE ANDERS NIE.

NIETEENSTAANDE SLEGTE WEER EN N BAIE MOEILIKE TERREIN PAS DIE NUWE LEDE GOED AAN. DIE TOTAAL KATTE WAT AL OPGEMERK EN GESKIET IS, VERGELYK GOED MET DIE VORIGE JAAR EN DIT IS DUIDELIK DAT DIE KATPROGRAM VRUGTE AFWERP.

ONS HET VERSKEIE VERJAARSDAE HIERDIE MAAND GEHAD. EERSTE WAS FRANK VREEDE - DIE MAN MET DIE EETLUS. NA HOM HET ZOOT GEVOLG. HY HET SEKER GEMAAK DAT HY DIE VOLLE 24 UUR VAN SY VERJAARSDAG WAKKERBLY, MET NICO WAT HOM GETROU BYGESTAAN HET. IVAN HET OOK VERJAAR, MAAR HET REEDS GAAN SLAAP TOE SY PARTYTJIE MOES AFSKOP - AGTUUR DIE AAND. ELK VAN DIE MANNE IS VERRAS MET N VERJAARSDAG= KOEK WAT DEUR A.J. GEBAK EN VERSUUR - EK BEDOEL VERSIER IS. STEVE H HET OOK VERJAAR, MAAR DIT VERSWYG EN DAAR WORD NOU GEWAG VIR SY TERUGKEER UIT DIE VELD. VIR SO N VERSWYGING KAN N MAN NET BOET.

MET ALMAL STEEDS FRIS EN GESOND EN DAAGLIKS VOL AFWAGTING VIR NUUS VANAF DIE HUIS, GROET EK.

GROETE VAN ALMAL
MARION 44

WEERDATA - SEPTEMBER 1987

HOOGSTE TEMP	10,2 GRADE
LAAGSTE TEMP	- 1,5 GRADE
GEMIDDELDE TEMP	4,4 GRADE
TOTALE REENVAL	269,2 MM
HOOGSTE WINDSPOED	141 KM/H
TOTALE URE SONSKYN	111,9
GEMIDDELDE URE SONSKYN PER DAG	3,7

NUUSBRIEF DEUR: ANDRE MEYER
WEERDATA DEUR: FRANK SOKOLIC